

18 Maart

Skrifgedeelte: Markus 6:30-56 (oAV)

Om te kan werk, is rus nodig in die Herder van Israel

Die apostels wat terugkeer van hulle sending word oënskynlik deur die skare van broodnodige rus weerhou. Rus is nodig om weer met hulle werk te kan voortgaan. Wanneer Jesus die skare wat hulle aan die oorkant inwag sien, stuur Hy hulle ook nie weg nie. Hy voel innig jammer vir hulle en skep 'n geleentheid waar rus vir sy dissipels en versorging van die herderlose skare saamval. Die skare word beveel om in groepies op die groen gras plaas te neem. Met die dissipels as uitdelers word hulle gaste wat deur die wonder van broodvermeerdering feestelik onthaal word. Ook die dissipels kon nou eet en rus. Hulle vind rus in Jesus se goddelike sorg vir hulle en vir die mense onder wie hulle werk. Die goddelike sorg blyk nog verder uit die twaalf mandjies vol wat opgetel word en wat vir die dissipels kon dien as padkos vir nog drie dae.

Maar die volle omvang van Jesus se sorgsaamheid tref die dissipels eers daardie nag wanneer Hy al wandelende by hulle skuit verby wil loop terwyl hulle teen 'n sterk wind in worstel. In hulle angs stel Hy hulle gerus dat Hy nie 'n spook is nie en Hy bemoedig hulle in hulle stryd teen die wind. Wanneer die wind dan ook nog gaan lê as Hy – vanweë hulle kleingeloof – by hulle in die skuit klim, is hulle uitermate verwonderd. Dan gaan hulle oë oop vir sy goddelike gesag oor die skepping en sy liefdevolle sorg as Herder. Die volgende oggend kon hulle Hom weer vergesel in sy genesingswerk onder die volk. Onbevrees vir die bedreiging van koning Herodes, gaan Hy voort met die magsdade wat Hom aanwys as Herder van die volk.

Pak jy dalk jou dagtaak aan sonder die sorg en die rus wat Hy as Herder aan jou gee?

Sing: Psalm 23:1,2,3

Ds BC Smit (Brits-Wes)